

Tot agter die voorhangsel...

Ek is nie goed genoeg nie. Ek het 'n verlosser nodig! Ek begin soek en self in die baie verhale van die Ou Testament waar ek op die wonderlikste simbole of skadu's van dié Verlosser afkom. So bevind ek my in die aardse heiligdom, daar in die voorste gedeelte (vs. 2) van die verbondstent, waar sondige priesters oor en oor hulle dienste verrig het. Ek wil nog verder, veral tot daar agter die geheimsinnige voorhangsel (vs. 3), waar sondige hoëpriesters maar een maal per jaar versoening gedoen het. Dit is veral hier dat ek wreed in my spore gestuit word. Ek kan nie, want toegang hier is streng verbode – spesifiek vir sondaars! Nou wat doen 'n sondaar in so 'n geval? In elk geval kan my sonde nooit so, dit wil sê simbolies, afgewas word nie! My dilemma is dus: Alhoewel ek oral op die Verlosser se skaduwee (Heb. 8:5; 10:1) in die Ou Testament afkom, vind ek Hom en die werklike verlossing nie daar nie. Ek sidder as ek net vir 'n oomblik aan enkele van die praktiese implikasies dink: As sondaar het ek dus geen direkte toegang tot God nie. Sê nou maar net die sondebok wat die wildernis in weggestuur is (Lev. 16:10), sou dalk sy pad terugvind? Wat dan? Ek bly dus in my sonde, geskei van God en is steeds nie goed genoeg nie! Dit maak my bang, om nie eers te praat van die aanhoudende stemmetjie van my gewete (vs. 9) wat ek nie kan stilkry nie. Ek bevind my dus hier op die spoor van wonderlike skadu's en baie beloftes, maar 'n skadu is mos nooit die werklikheid self nie! Dit bly alles so onbevredigend, onvoltooid en uiterlik (vs. 10, 13). Tog, agter elke skadu moet daar êrens ook die werklikheid wees!

Dit is al met die spoor van hierdie skaduwees langs dat die werklikheid van 'n kruis eindelik voor my opdoem en dit is waar ek my Verlosser, Jesus, vind! Weg is nou al die uitgediende skadu's en simbole van ouds. Hierdie is nou 'n eenmalige bloedoffer vir ons almal sodat herhaling onnodig is. Weg is nou die geheimsinnige en simboliese voorhangsel van skeiding, want God het dit onherstelbaar van bo na onder laat oopskeur. Dit beteken: Twee vertrekke het een geword en ons het nou vrye toegang tot die Vader. (As ek nou maar net nie gaan probeer, soos moedwillige en hardkoppige Israel van ouds, om die aardse voorhangsel te herstel deur allerhande eie mensgemaakte pogings, offers en rituele nie!) Ek mag nie vergeet nie: Dit is sy Gees (vs. 8) wat in my oor kom fluister en my op hierdie spoor na die kruis geleid het. Boonop het die Gees my verseker dat ek wel nou goed genoeg is!

Sing: Psalm 42:1, 7

Ds Danie Erasmus (Jeffreysbaai)